



# 'OORWINNING VIR VROU'

LINKS: Die Nemesia-vrouekoshuis op Stellenbosch waar manstude­nte onlangs kon oornag. REGS: Dalk hoef studente nie nou meer skelm te wêre.

'n Stellenbosse vrouekoshuis se proeflopie om sy deure vir oornagbesoekers oop te stel, is positief deur kenners begroet Deur JACQUES MYBURGH

**J**OU studenteliefie is 'n sprokiesprinses vasgevang in 'n toring met 'n grag van koshuisreëls en -regulasies wat haar omring. Maar dis Vrydagaand en jou bloed is warm. Jy kruip deur 'n roosbedding om die kampuswag te omseil en glip deur die venster wat sy oopgelaat het. Amper daar! Maar binne sig van Kamer 15 gryp 'n hand jou aan die kraag – en die koshuismoeder help jou ferm na buite.

Wel, dis hoe die storie gewoonlik verloop. Maar onlangs was dit baie anders by die Nemesia-vrouekoshuis van die Universiteit Stellenbosch (US). In 'n eerste proeflopie vir die Matie-kampus is Nemesia se deure vir twee nagte vir oornagbesoekers oopgestel. En alle aanduidings is dat dit goed verloop het.

Martin Viljoen, woordvoerder van die US, sê sowat vyf jong kêrels het die Vrydagaand in die koshuis oorgeslaap en die Saterdag vier. “Geen ongewenste voorvalle is aangemeld nie.”

En hy sê die universiteit sal 'n “verdere gesprek” oor Nemesia se baanbrekerstap voer. “Dis duidelik dat Nemesia met dié inisiatief op 'n praktiese manier deelneem aan 'n diskoers wat die heersende norme van die samelewing en die kam-

pus oor vroue ondersoek, bevraagteken en uitdaag,” sê hy.

Waarom die kopskuif in Nemesia? 'n Verklaring deur die koshuis het dit so verduidelik: “Die huis erken deur net vroue toe te laat om oor te slaap [soos al jare in manskoshuise gebeur] en mans net toe te laat om op sekere tye besoek af te lê, sit ons 'n verkrachtingskultuur en heteronormatiewiteit voort wat bydra tot patriargie.”

Kenners met wie ons gepraat het, was optimisties oor die proeflopie. So ook dr. Johan van der Merwe, leraar van die Moeder- en Kruiskerk van die NG gemeente op Stellenbosch.

“Ons waardeer jong mense se geesdrif en die leiding wat hulle neem om in nuwe tye nuwe oplossings vir nuwe kwessies te vind,” het Johan gesê.

'n Koshuismoeder van 'n ander universiteit wat anoniem wil bly, het dit sterker gestel: Suid-Afrikaanse kampusse word soos hoërskole bestuur.

“Die streng reëls om studente se seksuele verhoudings te reguleer kom van 'n ouderwetse, patriargale samelewing. Preutsheid staan in die pad van logiese denke.”

Kom ons kyk wie sê wat. Hoe werk dit elders en wat van die pad vorentoe?

## Hoe dit gewerk het

Die vrou van Nemesia moes 48 uur kennisgewing gee indien hul kêrel wou kom oorslaap, verduidelik Martin. Die mans moes inteken by die koshuis en hul identiteitsdokument of studentekaart as identifikasie wys.

Die mansbesoeker moes te alle tye in die koshuis deur sy inwonende vriendin vergesel word. Die vriendin moes ook haar gang/blok op WhatsApp laat weet wanneer haar besoeker die koshuis binnekom en weer verlaat.

## Is dit 'n goeie idee?

Elmari Mulder Craig, 'n seksuoloog van Pretoria, meen dit was 'n goeie stap en in pas met die moderne tyd. “Studente het al jare seks en dit gaan nie sommer nou verander nie. As jy studente van die teenoorgestelde geslag toelaat om in mekaar se koshuise te oornag, skep jy vir hulle 'n veilige omgewing om hul seksualiteit uit te leef.”

Sy sê 'n omgewing waarin vrouestudente die keuse het om 'n man oor te nooi sal beslis die kultuur van verkrachting onderdruk. “As hulle die keuse gedoen het om 'n maat te laat oorslaap, het die mens genoeg daarvoor gedink om 'n wyse besluit uit te voer.”